

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Personeelblad van die NWU

VOLUME 5 No 6 Oktober 2011

NWU wen trofee

Vyf keer bobaas

Vroue tel onder voorstes in SA

LOSLITDAG

Kollegas ruk en rol

INHOUDSOPGAWE

- 2 Eish! blink uit
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish! maar ons vaar goed!
- 4 Vroue-wetenskaplikes tel onder voorstes in SA
- 5 Korporatiewe bestuur laat NWU vyf keer wen
Brieweblad
- 6 Vergelyk om te kan groei
- 7 Kampusnuus: Mafikeng
- 8 Kampusnuus: Potchefstroom
- 9 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 10 Menslike psige is 'n oop boek
- 12 Die NWU ruk en rol vir mense met gestremdhede
- 13 NWU-kundiges ken hul storie
- 14 Fokus op ... dissiplinêre prosesse
- 15 Konvokasie verkies nuwe leiers
Wen, wen, wen!
- 16 Mag ons eksamenuitslae vir ouers gee?
- 17 Mense wat myle stap
- 18 HESA se geldghoeroes vergader
- 19 Gee jou mening oor Eish!



Voorblad – As bedryfsielkundige verstaan prof Sonia Swanepoel, die dekaan van die Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus, hoe die mens se psige werk. Lees meer oor haar en haar fakulteit op p10 en 11.



Van die kommentaar wat die Eish! tydens die onlangse SA Publication Forum-kompetisie ontlok het, sluit die volgende in: "Die publikasie dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe, wat dit interessante leesstof maak."

Eish! blink uit

Die NWU se personeelblad, Eish!, kan beskou word as een van die beste interne publikasies in die land. Dit is tydens die Suid-Afrikaanse Publikasieforum se toekenningsereemonie op Vrydag 2 September 2011 bevestig.

Tydens dié geleentheid is die Eish! aangewys as een van die finaliste in die Beste Interne Nuusbrief-kategorie, en die derdebeste in die kategorie Beste Publikasie met 'n Klein Begroting. Boonop het die Eish! ook 'n sertifikaat ontvang vir Uitnemendheid in Skryfkuns en nog een vir Uitnemendheid in Kommunikasie.

Die NWU het ook van sy ander publikasies ingeskryf, onder meer die alumni-tydskrif, die NWU&U. Hierdie publikasie het twee sertifikate ontvang: een vir Uitnemendheid in Kommunikasie en een vir Uitnemendheid in Ontwerp.

"Daarby het ons positiewe terugvoer gekry wat betref die Profiel en die Jaarverslag, wat 'n aanduiding is dat ons ook op die regte pad is met dié publikasies," sê mnr Louis Jacobs, Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie.

Die jaarlikse kompetisie wat deur die Suid-Afrikaanse Publikasieforum gereël word, lok inskrywings van belangrike ondernemings en handelsmerke soos Mercedes, Sanlam, Sappi, Wits, Unisa en Tukkies.

Redaksionele span: Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Elmarie Cronje, Pertunia Thulo, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse. **Vertaling:** Willie Cloete, Johan Zerwick. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Platinum Press. **Fotografie:** Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Pertunia Thulo, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Ons is sowaar by die voorwoord van die voorlaaste Eish! van die jaar...

En terwyl jy so met hierdie Eish! in jou hand sit, verlustig jou in die feit dat ons personeelblad onlangs aangewys is as een van die finaliste in die interne nuusbladkategorie van die invloedryke Suid-Afrikaanse Publikasietoekennings wat jaarliks plaasvind.

Tydens dieselfde prestige-geleentheid is Eish! ook vereer vir Uitnemendheid in Skryf en Kommunikasie.

Die alumniblad, bekend as NWU&U, is vermeld ten opsigte van Uitnemendheid in Skryf en Uitleg.

Baie geluk aan almal op al die kampusse en by die Institusionele Kantoor wat by die groot werk rondom die maak van hierdie NWU-mondstukke betrokke is!

Ons het ook onlangs gehoor dat die NWU vir die vyfde agtereenvolgende jaar deur PricewaterhouseCoopers as die korporatief

bes bestuurde universiteit in Suid-Afrika aangewys is. Hierdie toekenning is werklik 'n aanduiding dat die universiteit se stabiliteit en posisionering in 'n vinnig veranderende en andersins redelik onstabiele Suid-Afrikaanse hoërondewysomgewing 'n baken is.

Ek word keer op keer bemoedig as ek sien hoe ons ons missie-elemente een na die ander waar maak deur die verskillende teikens wat ons haal.

En o ja, soos altyd bied hierdie uitgawe 'n groot verskeidenheid interessante leesstof wat wissel van ernstig tot ietwat in 'n ligter luim.

Lees gerus van die groot pret met Loslitdag, tot reuseprestasies in die gesaghebbende Vroue in Wetenskap-toekennings en die toewyding van 'n dekaan, tot die fokus op regte met betrekking tot dissiplinêre prosedures.

Oor al hierdie dinge staan die passie van NWU-personeellede geskryf.

Ten slotte, baie sterkte vir die laaste dol maand op ons akademiese kalender.

Groete

Heuns Eloff



Daar word gesê 'n skrywer is net so goed soos sy of haar vorige boek. Net so kan 'n instansie seker ook gemeet word aan sy mees onlangse prestasies.

Indien dit waar is, vaar die NWU glad nie sleg nie.

Om vir die vyfde agtereenvolgende jaar as die universiteit met die beste korporatiewe bestuur in Suid-Afrika aangewys te word, wil inderdaad gedoen wees – lees gerus meer hieroor op p5.

Eish! maar ons vaar goed!

Die NWU spog ook met 'n aantal voorslag-vroue wat die afgelope maande nasionale én internasionale erkenning ontvang het. Meer hieroor op p4.

Tog beteken prestasies nie dat ons op ons louere kan rus nie. Die NWU het byvoorbeeld nie te waffers gevaar met die Vereniging vir Statebond-universiteite se onlangse normeringsoefening nie (artikel op p6). Dit wil lyk asof die geheim daarin lê dat die strewende na uitnemendheid 'n immer voortgaande proses moet wees. Net op dié manier sal ons uiteindelik voortrefflikheid in ál ons aktiwiteite kan verseker.

Dit is egter ook goed om partykeer die skoene uit te skop en minder ernstig te wees. Kyk op p12 in hierdie uitgawe van Eish! na al die rocksterre en ander musikante wat op Vrydag 2 September hul verskyning dwarsoor die NWU gemaak het. Dit was alles vir 'n goeie doel – die NWU-personeel het Loslitdag ten volle

ondersteun en weereens bewys dat hulle harte op die regte plek lê.

Soos oudergewoonte deel ons graag op p7-9 nuus van die onderskeie kampusse met julle, en spog ons met personeel wie se harde werk opnuut getuig van entoesiasme in die gewilde tweede myl-artikel op p17.

Die wenners van die vorige uitgawe se kompetisie oor die NWU-handelsmerk sal eers in die laaste uitgawe van die Eish! aangekondig word, maar ons gee almal graag weer die geleentheid op p16 om vir 'n laaste keer hierdie jaar heerlike pryse los te slaan.

Ons betree nou die laaste pylvak van die jaar – sterkte aan almal, skouer aan die wiel, en Eish! wag vir jou by die wenpaal!

Lekker lees,

Nelia & Marelize

Vroue-wetenskaplikes tel onder voorstes in SA

Die Noordwes-Universiteit se vroue-wetenskaplikes is weereens in die kollig.

Prof Alta Schutte ontvang op 2 November 2011 die silwermedalje (British Association Medal) van die Suider-Afrika Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap (S2A3).

Daarby het prof Hanlie Moss reeds op 20 September 2011 'n Millennium Goue Internasionale toekenning van die International Research Promotion Council (IRPC) ontvang as "Eminent Scientist of the year 2011, Africa".

Twee ander presteerders is prof Wilma Viviers en prof Andrea Saayman, wat uitstekend gevaar het tydens vanjaar se Vroue in Wetenskap-kompetisie, aangebied deur die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT).

Al vier is van die Potchefstroomkampus. Prof Alta is die direkteur van die Hipertensie in Afrika Navorsingspan (HART) in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe en prof Hanlie die direkteur van die fokusarea: Fisieke Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek) in dieselfde fakulteit.

Prof Wilma en prof Andrea is albei van die Skool vir Ekonomie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Prof Wilma is die direkteur van die skool en prof Andrea is die programleier vir navorsing.

MEDALJES EN ARTIKELS

Die medalje wat prof Alta ontvang het, word jaarliks deur die Raad van S2A3 gemaak in erkenning van 'n uitsonderlike bydrae tot die bevordering van die wetenskap.

Prof Alta is ook gekies as 'n stigterslid van die *South African Young Academy of Science (SAYAS)*. Sy is op 27 September tydens die stigting van dié liggaam deur me Naledi Pandor, die Minister van Wetenskap en Tegnologie, as lid ingelyf.

Prof Hanlie se IRPC-nominasie spruit uit 'n navorsingsartikel (*Changes in coronary heart disease risk profile of adults with intellectual disabilities following a physical activity intervention*) wat sy in die vaktydskrif, *Journal of Intellectual Disability Research*, gepubliseer het. Die IRPC is 'n internasionale organisasie wat akademiese en navorsingsprogramme in

wetenskap en geneesmiddels in ontwikkelende lande bevorder. Buiten die toekenning wat prof Hanlie ontvang het, is sy ook genomineer om op die wetenskaplike adviesraad van dié liggaam se wetenskaplike tydskrifte te dien.

VROUE EN WETENSKAP

In die DWT se kompetisie vir vroue wat 'n besondere bydrae tot navorsing lewer, het prof Wilma op 19 Augustus 2011 die tweede prys ontvang in die kategorie vir vroue wat hulle op die gebied van sosiale en geesteswetenskappe onderskei het.

Prof Andrea was derde in die kategorie vir jong vroue wat hulle op dié gebied onderskei het.

Altesaam 129 inskrywings is vanjaar vir die vyf kategorieë van die kompetisie ontvang. Die Vroue in Wetenskap-kompetisie word jaarliks aangebied as deel van die regering se vrouemaand-vieringe in Augustus.

Prof Alta Schutte was verlede jaar die eerste NWU-navorsers wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie aangewys is as 'n wenner in hul Vroue in Wetenskap-kompetisie.

Meer ook ons presteerders



Prof Alta Schutte fokus op navorsing rakende die verligting van hoë bloeddruk en kardiovaskulêre siektes, veral onder die swart gemeenskappe van Suid-Afrika.



Prof Hanlie Moss se navorsing fokus op die invloed van fisieke aktiwiteit en oefening as hulpmiddel om risikofaktore te verminder van kroniese siektes wat ontstaan as gevolg van lewenstyl in adolessente, volwassenes en spesiale groepe soos swanger vroue en intellektueel gestremdes.



Prof Wilma Viviers se navorsing het 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van 'n besluitnemingsmodel vir wetenskaplik-gebaseerde besluite vir die identifisering van Suid-Afrikaanse uitvoergeleenthede, wat tans 'n nasionale prioriteit is.



Prof Andrea Saayman se navorsing fokus op die internasionale beweging van mense en geld en het 'n beduidende bydrae gelewer ten opsigte van toerisme-ekonomie, waar sy die tendense en impak van toerisme ondersoek.



Mnr Mac Gani van PricewaterhouseCoopers (middel) oorhandig die toekening vir uitnemendheid in korporatiewe bestuur aan prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite (links), en dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU (regs).

Korporatiewe bestuur laat NWU vyf keer wen

Van korporatiewe bestuur kan jy die NWU nie veel vertel nie.

Dit blyk uit die feit dat die instelling onlangs vir die vyfde agtereenvolgende jaar aangewys is as die bes bestuurde universiteit in die land.

Die universiteit het dié besondere prestasie behaal deur vanjaar weer die PricewaterhouseCoopers (PWC) se korporatiewe bestuurstoekening vir Uitnemendheid in Hoër Onderrig te wen.

Die NWU se visekanselier, dr Theuns Eloff, en prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, het die toekening ontvang tydens PricewaterhouseCoopers se jaarlikse Konferensie oor Hoër Onderwys wat op 5 September in Kaapstad plaasgevind het.

Die NWU wen dié kompetisie reeds elke jaar sedert 2007. In dié tyd het die universiteit die eerste plek net twee keer met ander hoëronderwysinstellings gedeel, naamlik in 2007 met die Sentrale Universiteit van Tegnologie en in 2010 met die Vaal Universiteit van Tegnologie.

GEEN KORTPAAIE

Volgens dr Theuns Eloff, die visekanselier,

weerspieël die toekening weereens dat die NWU 'n universiteit is wat onverbidlik by die regte prosesse hou en op hierdie wyse by die beoogde resultate uitkom.

“Ongeag of dit die vulling van sleutelposte, toesig oor die instelling se begroting en finansiële bestuur of die hou van 'n raadsvergadering is, dit is vir ons belangrik om behoorlike prosedure te volg, sonder kortpaaie.

“Dit bevestig ook dat die NWU na gebalanseerde uitnemendheid streef deur gelyke aandag te gee aan die verskillende aspekte van sy kernbesigheid,” het hy gesê.

HOË STANDAARDE

Die kompetisie vind jaarliks plaas om hoëronderwysinstansies aan te moedig om hoë standarde vir korporatiewe bestuur te handhaaf en aan die vereistes van die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika te voldoen.

Hierdie verslag benadruk sewe beginsels van goeie korporatiewe bestuur, naamlik dissipline, deursigtigheid, onafhanklikheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid, regverdigheid en maatskaplike verantwoordelikheid.



In hierdie brief van mnr Theo Triegaardt van die Mafikengkampus, kyk hy met tong-in-die-kies-woordspeling en vanuit 'n ongewone hoek na die eerste plek wat die NWU in die PricewaterhouseCooperskompetisie behaal het.

“King Theuns III”

Die nuus dat die NWU in 2011 weereens bekroon is met die luisteryke PWC-toekening vir die universiteit met die beste korporatiewe bestuur in Suid Afrika, was inderdaad verblydend.

Dit het my laat wonder hoe die NWU dit kon regkry om vyf agtereenvolgende jaar die eerste plek te behou...

Skielik besef ek toe dat die NWU ook die universiteit-werkgewer van keuse is. Dit is daaraan te danke dat bestuur slegs vir drie dae, naamlik **Donderdag, Vrydag** en **Saterdag** getrou hoef te werk om te voldoen aan al sewe beginsels van goeie korporatiewe bestuur soos wat die **King 111**-verslag dit voorstaan.

Op 'n **Donderdag** word **d**issipline en **o**nafhanklikheid aangespreek, **V**rydag kom **v**erantwoordelikheid en **r**edelikheid aan die beurt, en op 'n **Saterdag** handel hulle die takie af met **s**osiale betrokkenheid, **a**anspreeklikheid en **d**eursigtigheid.

– Mnr Theo Triegaardt, Fakulteit Handel en Administrasie, Mafikengkampus

Skryf gerus vir ons. Jy kan jou brief per e-pos stuur na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of per slakkepos na Nelia Engelbrecht, Bussie 260, NWU.

Vergelyk om te kan groei

In 'n onlangse normstellingproses wat die Vereniging van Statebond-universiteite (Engels: *Association of Commonwealth Universities*, ACU) onderneem het, het die NWU die geleentheid gehad om hom met universiteite buite Suid-Afrika te vergelyk.

Die vraag is watter voordele die proses vir die NWU inhou.

“Die NWU-bestuur glo dit is beslis die moeite werd,” antwoord prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte in die kantoor van die visekanselier.

“Dit gee vir ons die kans om onself informeel te vergelyk met ander universiteite dwarsoor die wêreld en om daarna diagnosties na ons eie prosesse te kyk,” sê sy.

Die NWU neem van verlede jaar af aan dié jaarlikse oefening van die ACU deel.

Só werk die proses: Vrae word aan deelnemende universiteite gestuur en hulle word beoordeel aan die hand van hul antwoorde daarop, asook stawende dokumente. Nadat die deelnemers 'n terugvoer-verslag ontvang het, vind 'n normstelling-werksessie plaas.

Prof Herman van Schalkwyk, die rektor van die Potchefstroomkampus, en me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge, het vanjaar se sessie in Augustus in Nieu-Seeland bygewoon.

DRIE ONDERWERPE

Deelnemende universiteite word elke jaar volgens drie onderwerpe beoordeel. Verlede jaar was dit strategiese alliansies, studente-ondervinding en die bestuur van inligtingstegnologie. Hierdie jaar se onderwerpe was universiteit van die toekoms, handelsmerk-ontwikkeling en bemarking, en mensehulpbronbestuur.

“Wat hierdie jaar se onderwerpe betref, het ons vergelykbaar gemiddeld gevaar ten opsigte van mensehulpbronbestuur. Dieselfde geld vir strategiese alliansies, wat verlede jaar aan die beurt was,” sê prof Marlene.

“Die uitslag ten opsigte van die ander onderwerpe het groter moontlikhede vir groei uitgewys,” het sy bygevoeg.

NAVORSING EN GELOOFWAARDIGHEID

Wat handelsmerk en bemarking betref, het Phumzile die volgende gesê: “Tydens die terugvoersessie is dit weereens beklemtoon hoe belangrik behoorlike navorsing as basis vir handelsmerk-ontwikkeling en studentewerwing is.

“Die belangrikheid van geloofwaardigheid het ook na vore gekom. Dit beteken dat ons nie net in ons handelsmerk-ontwikkeling moet sê dat ons byvoorbeeld innoverend en divers is nie, ons moet dit werklik prakties ervaar en ons innoverende en diverse karakter demonstreer.”

Ten opsigte van die onderwerp, universiteit van die toekoms, is prof Herman se mening die volgende: “Die ontwikkeling in terme

van beide harde- en sagteware gaan myns insiens die leer- en onderrig-omgewing van die volgende 10 na 15 jaar dramaties verander.

“Formele klasgee in amfiteater-styl klaskamers sal moontlik uitfaseer en/of vervang word met elektroniese lesings. Besprekingsklasse en praktiese toepassing van kennis sal waarskynlik al meer die werkswyse word. Dit sal 'n verreikende invloed hê op infrastruktuur, personeel en die manier van leer.”

Volgende jaar se ACU-normstelling-werkswinkel vind in Augustus by die Universiteit van die Vrystaat plaas. Die onderwerpe wat bespreek gaan word, is finansiële bestuur, die bestuur van ranglyste vir universiteite en graueringsuitkomst.

Prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte, sê die NWU is tans besig om sy eie praktyke teen die beste praktyk – soos afgelei uit die verslae en bespreek tydens die onlangse werksessie in Nieu-Seeland – te assesser met die oog op 'n verbeteringsplan.

Me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge, sê 'n universiteit se handelsmerk moet outentiek wees en daar moet 'n duidelike verband wees tussen die handelsmerk en die studente-ervaring.

Prof Herman van Schalkwyk, die rektor van die Potchefstroomkampus, glo die tegnologiese ontwikkeling wêreldwyd gaan 'n groot impak op universiteite hê en as ons nie erns maak daarmee nie, mag dit ons soos 'n toenami tref.



SuperSport United kontrakteer NWU-sokkerspeler

Die Sokkerinstituut het weereens die aandag getrek van 'n toonaangewende professionele sokkerspan. Hierdie keer is die doelwagter, mnr Boalefa Marvin Pule, deur die ABSA Premiersokkerliga-span, SuperSport United, genader.

Dit volg kort na die werwing van mnr Andile Khumalo deur Amazulu FC in September 2010.

Boalefa het in 2007 by die Sokkerinstituut aangesluit nadat hy eers vir die Mothupi Birds in Lehurutshe gespeel het. Vandat hy by die Instituut is, het hy al vir die nasionale o. 20- én o. 23-span uitgedraf – 14 keer en vyf keer onderskeidelik. Tydens die 2010-USSA-sokkertoernooi (wat in 2009 én in 2010 deur die Sokkerinstituut se span gewen is) is hy aangewys as die beste doelwagter.

“Dit is die wonderlike geleentheid waarop ek gewag het en ek is baie goed ontvang by SuperSport United,” het Boalefa gesê. Hy het ook die kampusrektor, prof Dan Kgwadi, bedank vir die geleentheid om deel te wees van die Sokkerinstituut.

Boalefa sal tydens die gradeplegtigheid in Oktober sy Diploma in Sportwetenskap ontvang.

Mnr Boalefa Marvin Pule is gekontrakteer deur die ABSA Premiersokkerliga-span, SuperSport United.



Kampus sien groter prentjie van kommunikasie

Verskeie elektroniese kommunikasie-instrumente is onlangs op die kampus geïmplementeer. 'n Buitenshuise elektroniese advertensiebord, elektroniese boodskapborde, Wi-Fi, 'n vyfsyfer-SMS-nommer en 'n kampus-Facebook-bladsy is die jongste tegnologiese toevoegings om die kampus se kommunikasie-strategie te verbreed.

Die vyf elektroniese boodskapborde wat oor die kampus versprei is, word gebruik om boodskappe van bestuur aan studente oor te dra, belangrike aankondigings te maak en groot funksies op die kampus te adverteer.

'n Buitenshuise elektroniese advertensiebord is ook by die studentesentrum opgerig. Volgens

mnr Koos Degenaar, Direkteur: Bemaking en Kommunikasie, is hierdie groot skerm vir inligting en reklame bedoel, en sal ook vir vermaak gebruik word. Die Departement Bemaking en Kommunikasie beoog om dit aan DSTV te koppel sodat sportgeleenthede, fliëks en ander vermaakkanale gebeeldsend kan word.

Die vyfsyfer-SMS-nommer, 33080, en 'n Facebook-blad (NWU Mafikengkampus) is ingestel om studente aan te moedig om met bestuur te praat. Volgens Koos gee hierdie twee media aan studente 'n platform waar hulle hulle menings kan lug, vir inligting kan vra en selfs voorvalle by bestuur kan aanmeld.

Die implementering van Wi-Fi-tegnologie op strategiese punte op die kampus is ook in die finale stadium. Verbindingspunte word tans in die administrasiegebou en die biblioteek geïnstalleer en sal ook die omliggende areas by die studentesentrum dek.

Vaktydskrifartikel kry die meeste vermeldings

'n Tydskrifartikel deur mnr Collins Ateba, 'n dosent in die Departement Biologiese Wetenskappe en prof Moses Mbewe, direkteur van die Skool vir Landbouwetenskappe, is onlangs aangewys as die mees aangehaalde artikel in die internasionale vaktydskrif *Research in Microbiology*.

Die artikel is getiteld “*Detection of Escherichia coli O157:H7 virulence genes in isolates from beef, pork, water, human and animal species in the North West Province, South Africa: public health implications*”. Dit is boaan die lys van die tien mees aangehaalde artikels vir Januarie 2011. *Research Microbiology* is 'n internasionaal erkende tydskrif en 'n publikasie van die hoogaangeskrewe Pasteur Instituut wat in 1887 gestig is.

Hierdie artikel is deel van Collins se PhD-navorsing en prof Moses is sy studieleier. E. coli O157:H7 is 'n patogeen wat in

voedsel en water voorkom en wat mense kan siek maak deur die produksie van toksiene bekend as Shiga se toksiene.

Hierdie bakterieë kan siektes veroorsaak, selfs al word net enkele selle ingeneem, en kan lei tot infeksie-uitbrake – ook in lande met hoogs gevorderde fasiliteite vir openbare gesondheid.

Infeksies wissel gewoonlik van ongekompliseerde diarree tot die meer gekompliseerde bloederige diarree en hemolitiese uremiese sindroom, wat lewensbedreigend kan wees.

Die studie het bevind dat die vleismonsters wat van die grootste stede in die Noordwes-provinsie verkry is, inderdaad met E. coli O157:H7 besmet was.

In die artikel word aanbeveel dat die sanitêre toestande van plase, abattoirs en slaghuise verbeter word om die oordrag van E. coli O157:H7 na mense te verhoed.



Van die wetenskaplikes wat aan die metings deelgeneem het, is van links na regs dr Paul Beukes, dr Micky Josipovic, mnr Diederik Hattingh, prof Kobus Pienaar, prof Lauri Laakso, dr Ville Vakari en dr Pieter van Zyl.

NWU betrokke by internasionale navorsing oor luggehalte

Navorsers van die Potchefstroom-kampus is betrokke by 'n internasionale navorsingsprojek om die impak van aërosols en spoogasse op die klimaat en luggehalte beter te verstaan.

Die projek, genaamd "European Integrated Project on Aerosol Cloud Climate and Air Quality Interactions" (EUCAARI), is die mees omvattende aërosol-navorsingsprojek wat tot dusver deur Europa onderneem is.

Die Noordwes-Universiteit, met die ondersteuning van die Universiteit van die Witwatersrand, Sasol en Eskom, het die Suid-Afrikaanse betrokkenheid in dié projek gelei. Een van die belangrikste navorsingsuitkomstes van dié projek toon dat die aërosolver-

koelingseffek teen 2030 sterk verminder sal word deur lugbesoedelingsbeperkings wat wêreldwyd geïmplementeer word en die gebruik van gevorderde tegnologie wat tans beskikbaar is.

Atmosferiese aërosoldeeltjies het die werklike tempo van kweekhuisgas geïnduseerde aardverwarming verberg.

Prof Kobus Pienaar, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, sê volgens die EUCAARI-program se bevindings sal dié veranderings die globale gemiddelde temperatuur met ongeveer 1°C teen 2030 laat verhoog.

Dit is baie hoër as wat bereken is voordat die EUCAARI-projek se resultate beskikbaar was.

Personeelskuiwe aangekondig

'n Hele paar personeelskuiwe is onlangs aangekondig. Dit sluit die volgende in:

- Prof Jan de Kock is tans die waarnemende dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese.
- Die pos vir die Studentedekaan het pas in die media verskyn. Prof Hendré Reyneke tree die einde van die jaar af.
- Dr Tom Larney van die Ferdinand Postma Biblioteek tree die einde van 2011 af en sal deur me Elsa Esterhuizen opgevolg word.
- Mnr Willem Pienaar van Akademiese Administrasie tree die einde van die jaar af.
- Prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Onderrig-leer, is weer vir 'n volgende termyn aangestel.
- Prof Pierre Mostert is as die nuwe direkteur van die Skool vir Ondernemingsbestuur aangewys.
- Twee nuwe huisvaders is ook onlangs aangestel: mnr Duane Aslett van die Skool vir Rekenkundige Wetenskappe by Veritas en mnr GP van Rheede van Oudtshoorn van die Skool vir Kommunikasiebestudies by Heide.

Dosente gee leiding in die evaluering van skoolhandboeke

Die nasionale Departement van Basiese Onderwys het onlangs twee dosente van dié kampus versoek om as groepleiers tydens die evalueringsproses van die nuwe skoolhandboeke wat vir die Graad 10's geskryf is, en met inagneming van die nuwe sillabus, op te tree.

Me Adri Koekemoer van die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het as groepleier vir die vak Verbruikerstudies opgetree, en prof Elmarie Slabbert van die Skool vir Ondernemingsbestuur in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir die vak Toerisme.

Sover bekend, was dié twee dosente die enigste twee Potchefstroomkampus verteenwoordigers betrokke by die proses. Evalueringsgroepe is uit onderwysers, vak-adviseurs en individue van hoëronderriginstellings – betrokke by die vak – saamgestel.

Die nuwe kurrikulum en assesseringsbeleid word reeds aan die begin van 2012 vir die Verdere Onderrig- en Opleidingsfase (VOO) geïmplementeer.

Die nuwe handboeke wat nou ontwikkel word, moet aan die standaarde en doelwitte wat deur die Departement in die vooruitsig gestel is, voldoen.

Die handboeke is dus krities op grond van inhoud, konteks en bruikbaarheid in die verskillende vakgroepe geëvalueer.



Me Adri Koekemoer van die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies en prof Elmarie Slabbert van die Skool vir Ondernemingsbestuur is deur die Departement van Basiese Onderwys aangewys as groepleiers tydens die evalueringsproses van nuwe Graad 10 skoolhandboeke.



Kyk wie lees ook die Eish!

Stel jousef hierdie toneel voor. Jy sluit jou kantoordeur oop en stap na jou lessenaar. Nadat jy die blindings oopgemaak het, trek jy jou stoel uit en dan val jou oog op hom. Op jou lessenaar, tussen die bladsye van die boek op jou tafel – 'n geitjie! 'n Skurwe, koue gedierete met klouerige voetjies! Bevind jy jou op enige plek ander as die Vaaldriehoekskampus, sal jy voorwaar met 'n skril stem om hulp roep, gril en weghardloop of met 'n dramatiese gebaar die boek van die tafel probeer skuif.

Wat staan jou dan te doen? Wel – skuif maar die boek 'n entjie weg en laat geitjiese-kind hom klaar vergewis van die jongste verwikkelinge by die universiteit – hy is immers besig om die Eish!-tydskrif te lees!

Skool vir Basiese Wetenskappe stel nuwe navorsingsfokusarea bekend

Die verband tussen energie en armoede, veral op die Afrikakontinent, bied aan navorsers 'n geleentheid om die grense van kennis te verskuif en terselfdertyd iets daadwerkliks aan 'n werklike krisis te doen.

Dit was die boodskap by die bekendstelling van 'n nuwe navorsingsfokusarea in die Skool vir Basiese Wetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe. Die fokusarea genaamd "Public Affairs Research for Service Delivery" (PARSED) is formeel aangekondig deur prof Christopher Rabali, direkteur van die Skool vir Basiese Wetenskappe.

Verteenwoordigers van die kampus se navorsingsgemeenskap het die bekendstelling geloof as 'n opwindende nuwe hoofstuk vir die skool en selfs nog meer vir die Fakulteit Geesteswetenskappe.

Mnr Maxwell Mapako, 'n senior navorser by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), het 'n voordrag gelewer oor die belangrikheid van navorsing vir die aanpak van kritiese uitdagings soos armoede en energievoorsiening in die Afrika-konteks. Die kern van sy boodskap was dat navorsers sensitief moet wees vir die realiteit dat navorsing antwoorde kan en moet verskaf vir werklike probleme en dat navorsing 'n sleutelrol het om te speel wat betref dienslewering.



Prof Susan Coetzee-Van Rooy (links), die navorsingsdirekteur in die Fakulteit Geesteswetenskappe, het navorsers gevra om dienslewering deel te maak van die navorsingsvergelyking. Saam met haar is prof Ernest Ababio van die Skool vir Basiese Wetenskappe, die programdirekteur vir die dag.

Die voordrag is afgesluit met 'n uitdaging aan die lede van die kampus se navorsingsgemeenskap deur die fakulteit se navorsingsdirekteur, prof Susan Coetzee-Van Rooy. Sy het 'n beroep op navorsers gedoen om hul rol met betrekking tot dienslewering te formuleer en om die oorgang vanaf die navorsingslaboratorium na die voetsoolvlak van die gemeenskap te fasiliteer.

Kampus oorweeg betrokkenheid by verpleegopleiding

'n Verkennende werkswinkel is onlangs by die Quest-konferensiesentrum aangebied sodat belanghebbendes kon saampraat oor die moontlikheid om verpleegonderrig en -opleiding op die kampus aan te bied.

Vir hierdie werkswinkel is 'n groot verskeidenheid interne en eksterne belanghebbendes byeengebring om beste praktyk te deel en om

te bepaal watter vereistes vir verpleegopleiding deur die Departement van Gesondheid gestel is.

Onder hulle was lede van die kampus se senior bestuur, die Fakulteit Geesteswetenskappe en openbaregesondheidsverteenwoordigers, insluitende die lid van die Bestuurskomitee van die Sedibeng-distriksraad, amptenare van die Gautengse Provinsiale Departement van Gesondheid, en die direkteur van Sedibeng-distrik-gesondheid.

Die ander kampusse was ook verteenwoordig. Die dekaan van Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus, prof Marlene Viljoen, was daar, so ook die dekaan van Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die

Mafikengkampus, prof Mashudu Maselesele. Alle belanghebbendes was dit eens dat daar 'n ernstige behoefte aan hoëgehalte-opleiding vir verpleegpersoneel in die Vaaldriehoek is, en volgens die verteenwoordigers van die Departement van Gesondheid is 'n teiken gestel om die inname van leerlingverpleegsters van 6 500 tot 13 000 te verhoog.

'n Taakspan is aangewys om 'n projekplan op te stel met die oog op die implementering van die gestelde strategieë vanaf 2013. Volgens prof Thanyani Mariba, die kampusrektor, sal hierdie inisiatief die kampus se strategiese doelwit verder uitbou om 'n sentrum van kundigheid te word wat betref die verskaffing van programme vir skaars vaardighede wat die land se behoeftes aanspreek.





Menslike psige is 'n oop boek

In hierdie uitgawe van Eish! stel ons die lesers voor aan prof Sonia Swanepoel, die Dekaan: Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus. Lees gerus wat sy sê oor haar fakulteit, die psige van die mens en die tyd wat sy in Dubai deurgebring het.

Prof Sonia Swanepoel kén mense. Dalk is dit omdat sy 'n bedryfsielkundige is.

Of werk dit dalk andersom? Het sy dalk 'n bedryfsielkundige geword juis omdat sy nog maar altyd 'n aanvoeling vir mense gehad het?

Hoe ook al, dié dekaan weet wat die mense in haar fakulteit se harte vinniger laat klop.

Sy sê sedert sy in Mei 2010 as dekaan aangestel is, was die grootste uitdaging in haar fakulteit om 'n positiewe klimaat te skep wat die personeel bemaagtig om hul beste prestasies te lewer. Met haar aankoms op die kampus verlede jaar het sy gevind dat die persentasie personeel met PhD's laag was.

“Ek is met die intrapslag meegedeel dat sekere 'ou hande' nog nooit belanggestel het om te studeer nie – nie nou of in die toekoms nie. Hulle het vir my gesê 'you can't teach an old dog new tricks', maar ek dink dis 'n belediging selfs vir 'n 'old dog' – wat nog te sê vir mense! Ná die

nodige motivering is dié personeellede nou ons aktiefste studente.”

BEHOEFTE EN VRESE

Terwyl sy aan die stuur van haar fakulteit staan, kom haar agtergrond as geregistreerde bedryfsielkundige handig te pas.

Op die vraag wat mense se grootste behoeftes en vrese in die werkplek is, antwoord sy so: “Mense se grootste behoefte in die werkplek is om werkstevredenheid te ervaar en hul grootste vrese is inkonsekwentheid, onregverdigheid en om nie erkenning te kry nie.”

Deur die jare het prof Sonia verskeie kursusse bygewoon, byvoorbeeld oor assessering en emosionele intelligensie. Een van die kursusse wat die oog vang, is 'n basiese kursus in hipnose. En ja, sy het al mense gehipnotiseer en is self ook al gehipnotiseer.

“Terwyl jy onder hipnose is, is jy die hele tyd bewus van alles rondom jou,” sê sy. “Onthou, hipnose is 'n vorm van konsentrasie en nie iets magies soos baie mense dink nie. Jy sal dus nie iets teen jou wil doen terwyl jy gehipnotiseer is nie.”

STUDIELEIER EN EKSAMINATOR

Kyk 'n mens na prof Sonia se CV, blyk dit dat sy die kennis wat sy in haar loopbaan opgedoen het, weer deeglik teruggeploeg het.

Deur die jare het sy as studieleier opgetree vir 12 meesters- en twee doktorsgraadstudente en as eksterne eksaminator vir 18 meesters- en twee doktorsgraadstudente. Tans gee sy leiding aan nog twee meesters- en twee doktorsgraadstudente.

Prof Sonia Swanepoel was tot in Februarie 2010 die dekaan van die Fakulteit Bestuurswetenskappe by die Tshwane Universiteit van Tegnologie, waarna sy by die NWU aangesluit het.



Die Swanepoels se oudste dogter, Christél, is vroeër vanjaar op die strand in Lambertsbaai getroud. By haar van links is haar broer, Zander, en die tweeling, Divan en Sonika.

As kundige het sy al 'n hele paar dosyn evaluerings gedoen en kursusse aangebied, onder meer vir stadsrade, staatsdepartemente en instansies soos Sanlam, Vodacom, die Suid-Afrikaanse Lugdiens en BMW.

Sy het selfs in 2005 vir die Suid-Afrikaanse Golf-ontwikkelingsakademie potensieële spelers getoets vir akademiese potensiaal.

“Ek het jare gelede self 'n bietjie gholf gespeel, maar het gevind dat dit te veel tyd in beslag neem.”

Sy is lief vir alle sportsoorte, maar tennis is haar gunstelingsportsoort. “Ek draf ook 'n bietjie, omdat ek lief is vir lekker kos!” sê sy skertsend.

POPPE EN KINDERS


Vir ontspanning lees sy graag en speel brug. “Ek het ook in die verlede porseleinpoppe gemaak – dis nou voor ons kinders gehad het.” Sedertdien het prof Sonia en manlief Fanie vier kinders ryker geword.

Die Swanepoels se oudste dogter, Christél (26), is in Februarie getroud. Sy en haar man is tans in Suid-Korea op 'n verlengde wittebrood, waar hulle Engels gee en in die waters van Asië duik. Die tweede-oudste, Zander (23), studeer LLB by die NWU.

Die tweeling, Divan en Sonika (20), is ook studente. Divan studeer Stads-en-Streeksbeplanning by die NWU en Sonika BRek by die Universiteit van Stellenbosch. Die res van die gesin bestaan uit raserige geveerdes: Gunther en Shadow, die twee African Grey-papegaaie.

Vir Eish! se lesers het sy die volgende raad oor streshantering:

“Behou balans – dit wil sê handhaaf 'n gesonde lewenstyl wat oefening en dieet insluit. Maak tyd vir jouself en doen iets wat jou laat ontspan, byvoorbeeld lees of 'n stokperdjie. Onthou ook dat 'n positiewe uitkyk op die lewe bydra tot stresverligting.”



Prof Sonia en haar man, Fanie, 'n prokureur, tydens 'n vakansie in 2010 in Mosambiek.

Ander interessantheide

Gunstelingdis: Tamatiebredie met skaapnek.

Gunstelingboek: *Catherine the Great* deur Carolly Erickson.

Dit laat my lag: Studente-humor.

Met dié beroemde persoon sal ek graag wou gesels: Katarina die Grote, wat as 15-jarige van Oostenryk af Rusland toe gegaan het en uiteindelik die Russiese heerser geword het.

As ek tussen dié moontlikhede moet kies, sal ek so kies:

- Sjokolademelkskommel, vrugtesap, **koffie**, tee.
- Rose, orgidees, lelies, **pronkertjies**.
- Honde, katte, **goudvisse**, ghekkos.
- Perdry, valskerm spring, scubaduik, skaak, **nie een nie**.
- Reënweer en pannekoek, sonskyn en waatlemoen, **winter en sop**, winde-rig en vlieër-vlieg.
- **Rooiwyn**, sjampanje, likeur, mampoer.
- Hofskoene, crocs, tekkies, **waterstewels**.
- Vliegtuig, boot, fiets, **trein**.

Woestynstad bekoor

In 2001 en 2002 het prof Sonia in Dubai gewerk – eers vir twee privaatmaatskappye en toe vir die Departement van Burgerlike Lugvaart. So het sy dié stad ervaar:

“Wat my van Dubai beïndruk het, was die tempo van ontwikkeling. Voor 1966 was dit 'n tentedorp met nomadiese, arm Arabiere.

Ná die ontdekking van olie in 1966 het dit ontwikkel in een van die modernste stede met uiters indrukwekkende argitektuur en geboue. Dubai word deur 'n sjeik regeer – dit is dus 'n outokratiese regering. In Dubai word dit van buitelanders verwag om by die plaaslike kultuur en gebruike aan te pas.

“Ek was byvoorbeeld daar tydens die vastydperk, Ramadan, wanneer niemand in die dag

in die openbaar mag eet of drink nie. Terwyl ek werkswinkels aangebied het, mag ek nie water gedrink het nie – wat nogal 'n uitdaging was.

“Nog 'n uitdaging was die idee van ‘wasta’ wat ek teëgekomp het toe ek kandidate vir poste gekeur het. Een van hulle was 'n neef van die sjeik en ek is vooraf gewaarsku dat hy ‘wasta’ het. Dit verwys na wie jy ken. As jy ‘wasta’ het, het jy dus outomaties voordele.”

Die NWU ruk en rol vir mense met gestremdhede

Daar is inderdaad 'n rockster in elkeen van ons! Die NWU het weer gewys waar sy hart lê en het Loslitdag is met oorgawe op Vrydag 2 September gevier.

Hierdie jaar se tema was "Worn to be wild" en die personeel het fluks deelgeneem. Die vier besigheidseenhede het gewemel van rocksterre en ander musikante, en Eish! deel graag 'n paar foto's met u.

Gaan kyk ook gerus op die intranetlandingsblad by Nuus in die middelste kolom. Klik dan op *NWU neem deel aan Loslitdag-inisiatief*, of besoek die Institusionele Kantoor se Facebook-bladsy: *NWU Institutional Communications* vir meer foto's.

Baie dankie vir almal se deelname – ons maak volgende jaar weer so!



Elvis en die twee vroue in sy lewe het 'n verskyning op die Potchefstroomkampus gemaak. Hier is van links prof Amanda Lourens, Viserektor: Navorsing en Beplanning, prof Herman van Schalkwyk, Rektor: Potchefstroomkampus en prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Onderrig-leer.

Klaarblyklik het die hardebaard-rockers al die tyd by die Institusionele Kantoor weggekruip. Eish! was gelukkig om hierdie twee op film vas te vang: Mnr Anton Scheppel, Bestuurder: Arbeidsverhoudinge (links) en mnr Zaan Strydom, Bestuurder: Indiensnemings-gelykheid.



Die Vaaldriehoekskampus het gewemel van talentvolle musikante. Van links is me Jani Jooste (fakulteitskoördineerder, Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie), me Leandra van der Merwe (dosent, Skool vir Inligtingstegnologie) en me Helei Jooste (sekretaresse in die kantoor van die dekaan, Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie).



Die toelatingskantoor op die Mafikengkampus het Loslitdag met 'houding' gevier. Agter van links is me Tshenolo Selima, administratiewe assistent, me Abigail Corns, senior administratiewe beampte, me Linnoid van der Wath, administratiewe assistent, me Luween Lottering, administratiewe assistent, mnr Christopher Titus, administratiewe assistent en me Keshni Scholtz, senior administratiewe beampte. Voor van links is me Leilani Titus, mnr Petrus Cloete en me Natalie Titus – almal administratiewe assistente.



NWU-kundiges kén hul storie

Die NWU se kundiges word dikwels in die media aangehaal en versterk só die openbare profiel van die NWU as instelling wat gedryf word deur die strewe na kennis en innovering. Hier deel ons hulle kommentaar met ons lesers.



“ Ons oseane staar massa-uitwissing in die gesig. Die kombinasie van kwessies soos aardverwarming, besoedeling en oorbevissing het ’n situasie geskep waarby die oseane nie kan aanpas en wat hulle nie kan oorleef nie. Die massa-uitwissing wat plaasvind, beïnvloed elke mens, aangesien dit met voedselsekureit en wêreldwye inkomste te doen het. Die hoofboodskap van die Internasionale Program oor die Toestand van die Oseane is dat ons onmiddellik moet optree, aangesien ons reeds in die moeilikheid is. ”

Prof Nico Smit, Dierkunde, Fakulteit Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus en lid van ’n internasionale paneel van voorste mariene-wetenskaplikes. Bay FM, 23 Junie 2011



“ Daar is geen risiko dat suur mynwater die diep kelders van die wolkekrabbers in die Johannesburgse sentrale sakekern kan oorstrom nie. Die verwagte oorfloei vanaf die mynholte moet nie as ’n bedreiging gesien word nie, maar eerder as ’n geleentheid om die water te benut wat ’n paar jaar lank ongebruik die holte gevul het. ”

Professor Frank Winde, Omgewingswetenskappe en hoof van die Mynwaternavorsingsgroep, Potchefstroomkampus Pretoria News, 28 Junie 2011



“ Studies wys dat emosionele intelligensie ’n groter rol speel in jou kind se toekomstige sukses as sy IK. En anders as IK, kan emosionele intelligensie aangeleer word. Jou baba sal deur jou hantering van jou emosies leer hoe om sy eie emosies te hanteer. Emosionele intelligensie kan gekelder word deur ouers wat self nie emosioneel intelligent is nie. ”

Dr Doret Kirsten, kliniese sielkundige, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus yourparenting.co.za 12 September 2011

“ Die voorkoms van beroerte onder swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika is dubbel so hoog as onder wit groepe. Hoë bloeddruk, ’n groot risikofaktor vir sulke siektes, is veral ’n groot probleem onder die swart groepe. In ’n studie wat in 2008 in die Potchefstroom-gebied gedoen is, is vasgestel dat 70% van swart onderwysers en 50% van wit onderwysers aan hoë bloeddruk ly. ”

Prof Alta Schutte, Direkteur: Hiper-tensie in Afrika Navorsingspan (HART), Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus Beeld, 24 Junie 2011



“ Van die brande wat op 23 Augustus 2011 in die Tlokwe-gebied gewoed het, se uitstralingskrag was op plekke tot 1 000MW. Die Koeberg-kragstasie se uitstralingskrag op ’n gegewe tyd is 600MW. ”



Prof Dewald van Niekerk, Direkteur: Afrika-sentrum vir Rampstudies, fokusarea vir Sosiale Transformasie, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus. Potchefstroom Herald, 2 September 2011



Dissiplinêre prosesse

In hierdie uitgawe fokus ons op die dissiplinêre prosesse by die NWU. Eish! het met mnr Anton Scheppel, Institusionele Bestuurder: Arbeidsverhoudinge, gesels oor die prosedures wat tot die beskikking van werknemers en bestuurders is.



V: Waar kan 'n mens inligting kry oor die dissiplinêre prosesse?

A: Die NWU het 'n gedragshandleiding en ons het dit juis onlangs hersien en in September 2011 vir goedkeuring aan die Institusionele Bestuur voorgelê. Volgende jaar gaan ons tydens verpligte sessies alle NWU-bestuurders en toesighouers oplei sodat hulle vertrouwd kan raak met die inhoud van dié handleiding.

V: Wat is die prosedure wat ek as werknemer kan volg as ek voel ek is te na gekom in die werksituasie?

A: 'n Grieweproses, wat uit vier amptelike stappe bestaan, kan gevolg word.

- Eerstens moet die gegriefde persoon 'n uitklaringsgesprek voer. Die persoon teen wie die grief aanhangig gemaak is en 'n konsultant van Mensehulpbronne moet teenwoordig wees.
- As tweede stap registreer die gegriefde die grief deur 'n amptelike vorm wat by Mensehulpbronne beskikbaar is, te voltooi. 'n Tweede gesprek vind nou plaas, waartydens die bestuurshoof as fasiliteerder optree en waarheen die gegriefde persoon 'n kollega of 'n verteenwoordiger van een van die erkende vakbonde by die NWU kan saambring.
- Die derde stap – ook 'n gesprek – word deur die volgende vlak bestuurshoof hanteer. Indien die probleem nog nie opgelos is nie, volg die finale stap.
- In die finale stap stel my kantoor 'n komitee saam wat die saak ondersoek en uitspraak gee. Dié uitspraak is bindend en kan byvoorbeeld behels dat die aangeklaagde gedissiplineer word, dat hy/sy die gegriefde om verskoning vra, of wat ook al gepas is.

V: En as die gegriefde nog steeds nie tevrede is nie?

A: Werknemers kan enige tyd die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie nader. Onthou net dat dié liggaam van jou sal

verwag om eers jou instelling se huishoudelike meganismes vir dispuutoplossing – soos ons hierbo genoem het – te gebruik.

V: Wat kan ek as bestuurder doen as 'n werknemer gedissiplineer moet word?

A: 'n Proses van progressiewe dissipline moet gevolg word. Dit beteken dat die een stap op die ander moet volg indien die saak nie tydens een van die vroeëre stappe reeds bygelê kan word nie.

V: Wat is hierdie stappe?

A: Die eerste stap is 'n mondelinge of skriftelike waarskuwing en die tweede is 'n amptelike lynbestuur-verhoor in die werkplek en 'n finale waarskuwing. In die geval van baie ernstige oortredings of herhaalde oortredings, kan 'n derde stap volg. Dit behels 'n sentrale universiteitsverhoor waarby my kantoor betrokke is en kan – indien van toepassing – tot ontslag lei.

V: Kan 'n werknemer beswaar maak teen die uitspraak van die universiteitsverhoor?

A: Ja, elke werknemer het die reg om te vra dat 'n hersieningskomitee weer na die saak kyk. Hulle kyk egter net weer na die dokumente en sal net in uitsonderlike gevalle bykomende getuienis aanhoor.

V: Wat is die prosedure wat ek as bestuurder kan volg as ek voel dat iemand onder my toesig nie na wense presteer nie?

A: Onthou dat onbevoegdheid verband hou met uitsette of prestasie. Dit moenie verwar word met dissipline nie. In die geval van dissipline oortree die persoon willens en wetens, terwyl onbevoegdheid of prestasie-belemmering veroorsaak kan word deur siekte, besering,

onaanpasbaarheid of swak werkverrigting. Swak werkverrigting kan weer te wyte wees aan onder meer te min ervaring, onbekwaamheid of 'n tekort aan werksmiddele.

Omdat hierdie proses gaan oor swak prestasie wat verbeter moet word, kan dit 'n langer proses word as die dissiplineproses. Dit kan uiteindelik lei tot demovering, verminderde salaris, verplasing of ontslag.

V: Hoe moet ek as bestuurder optree as iemand byvoorbeeld summier van die werk af wegbly?

A: Die prosedures vir verskeie gedragsprobleme – soos onder meer drostery – word in die gedragshandleiding uiteengesit. Dit bevat ook inligting oor byvoorbeeld onvanpaste gedrag, teistering (sogenaamde "corporate bullying"), seksuele teistering en weiering om jou aan gesag te onderwerp.

V: Wanneer en waar sal die hersiene handleiding beskikbaar wees?

A: Ons verwag dat dit teen die einde van November 2011 op die intranet beskikbaar sal wees by <http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels>.

V: Wie kan 'n mens kontak as jy nog vrae oor hierdie onderwerp het?

A: Kontak gerus vir me Christelle Foord en Michelle Bownes van ons kantoor.



Prof Themba Mosia, die institusionele registrateur van die NWU (links), bedank adv Solly Sithole, SC, wat tydens die seminaar oor inligtingsbestuur 'n toespraak gelewer het. In die agtergrond is me Amanda van der Merwe, Institusionele Bestuurder: Rekordbestuur en Administrasie, in gesprek met 'n ander spreker, mnr Mark Heyink van Information Governance Consulting.



Mag ons eksamenuitslae vir ouers gee?

Een van die vrae wat na aanleiding van 'n onlangse seminaar oor die bestuur van inligting by die NWU opgeduik het, was of die universiteit die reg het om vir mondigse studente se ouers hul uitslae sonder hul toestemming te gee.

Die seminaar is op 11 Augustus 2011 deur Rekordbestuur en Administrasie by die Institusionele Kantoor aangebied in samewerking met die Menseregtekomitee van die NWU. Dié geleentheid het NWU-rolspelers met nuwe oë na die verskaffing en beveiliging van inligting laat kyk.

In die proses het die vraag of eksamenuitslae sonder die toestemming van die betrokke studente verskaf mag word, na vore gekom.

Hier is adv Thabo Pheto van Institusionele Regsdienste se mening hieroor:

“Die huidige kontraktuele verhouding is tussen die student en die universiteit en sluit nie die student se ouers in nie.

“In die lig hiervan beveel ek aan dat die universiteit eers die toestemming van die studente kry voor hulle sulke inligting verskaf.

“Dit geld vir studente wat reeds mondig* is, nie vir dié wat nog onder hul ouers se toesig is nie.”

FOKUS OP BALANS EN REKORDBESTUUR

Tydens die seminaar het dit geblyk dat dit uiteindelik gaan oor balans tussen die reg om inligting te kry, en die reg om jou privaatheid te beskerm.

Twee wette wat hiermee verband hou, is in die kollig geplaas.

Me Chantal Kisoona van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie het oor die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting gepraat en die belangrike verband tussen inligting en goeie rekordbestuur beklemtoon.

Mnr Mark Heyink, 'n prokureur van Information Governance Consulting, het meer lig gewerp op die Wetsontwerp op die Beskerming van Persoonlike Inligting en hoe die NWU se rekordhouding hiertoe moet bydra.

Adv Solly Sithole, SC, die voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee, het gepraat oor die moontlike impak van inligtingswetgewing op universiteite en die akademie.

Sowat 80 personeellede wat dwarsoor die NWU by inligtingsadministrasie betrokke is, het die seminaar op uitnodiging bygewoon.

**18 jaar en ouer*

Inligtingsbestuur @ NWU

As jy as personeelid toegang tot inligting wil hê wat die NWU hou of wanneer iemand van buite die universiteit jou nader vir inligting, moet jy die volgende prosedures volg:

Maak heel eerste kontak met me Amanda van der Merwe, Bestuurder: Rekordbestuur en Administrasie, by die Institusionele Kantoor. Amanda sal dan oordeel of die verlangde inligting algemeen beskikbare bestuursinligting is of nie. Indien nie, moet 'n spesiale vorm voltooi word.

Dié vorm, asook 'n inligtingshandleiding, is op die internet beskikbaar. Klik op Bestuur en Korporatiewe Bestuur, en daarna op Beleide en Reëls. Stuur die voltooide vorm na Amanda vir verdere hantering. Alle aansoeke om toegang tot inligting word in samewerking met Regsdienste hanteer.

Konvokasie verkies nuwe leiers



Die NWU-Konvokasie het tydens hul driejaarlikse algemene vergadering op 6 Augustus 2011 in Johannesburg 'n nuwe bestuur verkies. Hulle is van links dr Brendah Sekatane, 'n lektor van die Vaaldriehoekskampus, prof Themba Mosia (Konvokasie-sekretaris en institusionele registrateur van die NWU), dr Sammy Thekiso, 'n lektor van die Mafikengkampus (visepresident), adv Jan Henning, SC, van Lindley, (president), dr Dirk Hermann, die adjunk-uitvoerende hoof van Solidariteit, Pretoria, prof Marius Stander, lektor van die Vaaldriehoekskampus, mnr Thabang Tikane, verbonde aan die Provinsiale Departement van Sosiale Ontwikkeling in Klerksdorp, adv Johan Kruger, 'n regsgeleerde van Pretoria, en me Heleen Coetzee, 'n lektor van die Potchefstroomkampus.

Die weners van die vorige uitgawe se kompetisie oor die NWU-handelsmerk sal in die laaste uitgawe van die Eish! aangekondig word, maar ons nooi almal graag uit om aan nog 'n heerlike kompetisie deel te neem.

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe **geskenk wen** – vind net hierdie **10 antwoorde!**



Identifiseer die nabyskote en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

- 6: In watter kategorie van die Suid-Afrikaanse Publikasieforum se kompetisie het die Eish 'n derde plek verower?
- 7: Watter toekening het die NWU vir die vyfde agtereenvolgende jaar ontvang?
- 8: Wie is die nuwe direkteur van die Skool vir Ondernemingsbestuur op die Potchefstroomkampus?
- 9: Wat doen prof Sonia Swanepoel, Dekaan: Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus graag vir ontspanning?
- 10: Wie moet jy kontak as 'n personeellid of iemand van buite die NWU toegang tot inligting wil hê?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260
E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblakkie.
Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.
Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

Mense wat myle stap

Dit wil voorkom asof niks ons tweede-mylers stuit in hul strewe om meer as net die nodige te doen nie. Soos in die vorige uitgawes gee Eish! erkenning aan al die NWU-kollegas wat meer doen as wat van hul verwag word in hul daaglikse werkverrigting.

Me Mirriam Tlhagale, sekretaesse in die kantoor van die Bestuurder: Berskermingsdienste op die Mafikengkampus is 'n ware staatmaker.

"Mirriam het 'n ongelooflike verantwoordelike insin – sy is onder andere verantwoordelik vir besprekings van die Senaatsaal en die Senaatkamers en is uiters effektief hierin," sê me Kristina Travis, Hoof: Kampussekretariaat en Argiewe. "Ons is baie dankbaar vir al haar ondersteuning – ons kan altyd op haar staatmaak, selfs buite gewone werksure."

Die personeel van die Departement Akademiese Administrasie op die Potchefstroomkampus huiwer nie een oomblik om **me Cynthia Kamffer**, administratiewe beampte in dié departement, te nomineer vir die tweede myl nie.

"Cynthia is altyd behulpsaam, hardwerkend, deeglik en toegewyd. Haar uitgebreide kennis van die NWU en beskikbaarheid om ten spyte van 'n hoë werkslading tot hulp te wees, is 'n definitiewe aanwinst vir ons departement en die universiteit," sê hulle.

Me Rika Huyser, senior tegnikus in die Departement Biologiese Wetenskappe, en **dr Oziniel Ruzvidzo**, senior lektor in dieselfde departement op die Mafikengkampus, verdien albei 'n pluimpie. Volgens dr Olubukola Babalola, senior lektor en hoof van die departement, is beide kollegas 'n aanwinst.

"Rika is baie toegewyd in haar werk en gee alles om haar kollegas te ondersteun en sodoende die departement te help groei. Haar entoesiasme is aansteeklik! Dr Oziniel gaan uit sy pad uit om sy studente te akkommodeer en 'n positiewe interaksie met hulle te hê. Dankie, kollegas!" sê dr Olubukola.

Volgens me Louisa Knight, sekretaesse van die Bedryfshoof: Administrasie en Bestuur binne die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies op die Potchefstroomkampus, moet **mnr Johan Liebenberg**, Bedryfshoof: Administrasie en Bestuur, geprys word vir sy harde werk.

"Johan gaan altyd uit sy pad uit om enige student, ouer of kollega te help. Niks is ooit vir hom te groot om te hanteer nie, hy is altyd positief en lewer uitstekende diens. Johan is geduldig en vriendelik en sy deur staan altyd oop vir enige iemand wat hom wil spreek," sê Louisa.

Me Evie Pivalizza, 'n koördineerder in die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling op die Mafikengkampus, nomineer graag vir **mnr Motheo Koitsiwe**, 'n lektor in die Skool vir Sosiale Wetenskappe op dié kampus.

"Motheo lewer altyd 'n uitstekende diens. Sy positiewe ingesteldheid en uitstekende interpersoonlike vaardighede – veral om met mense van verskillende agtergronde te werk – is 'n aanwinst vir die kampus," sê sy.

Nog 'n personeelid wat 'n pluimpie verdien, is **mnr John Bond**, bestuurder van die ENB-Hoëprestatie-instituut vir Sport op die Potchefstroomkampus. Me Mpho Seshabela, 'n administratiewe beampte in die Rekordbestuur en Administrasie-afdeling in die Institusionele Kantoor, nomineer hom graag as 'n besondere mens wat altyd die tweede myl stap.

"John het altyd 'n positiewe gesindheid teenoor sy werk, en veral wat rekordbestuur betref. Hy besef die waarde daarvan en pas dit noukeurig toe – baie dankie, John!"

Me Claudie Kroese, 'n skakelbeampte in die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus, neem graag haar kans waar om **me Retha Potgieter**, administratiewe bestuurder in die Dekaan: Ingenieurswese se kantoor, te nomineer.

"Retha is 100% toegewyd en loop altyd die tweede myl vir elke student. Sy maak tyd vir elke persoon, is nooit ongeduldig nie en glimlag altyd. Dit is duidelik dat sy 'n passie vir studente het."

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou asseblief om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en relevante departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

MIRRIAM TLHAGALE



CYNTHIA KAMFFER



RIKA HUYSER



OZINIEL RUZVIDZO



JOHAN LIEBENBERG



MOTHEO KOITSIWE



RETHA POTGIETER



JOHN BOND



HESA se geldghoeroes vergader

In plaas daarvan om, soos gewoonlik, in een van die groter Suid-Afrikaanse stede bymekaar te kom, het die Uitvoerende Finansiële Forum van Hoër Onderwys Suid-Afrika (Engels: HESA) onlangs vir die eerste keer by die NWU vergader.


Tydens die konferensie van 25 tot 26 Augustus by die Sports Village op die NWU se Potchefstroomkampus is 'n groot verskeidenheid onderwerpe bespreek, insluitende klaggeld, finansiële verslagdoening en spesialis- korporatiewe bestuur.

Die forum vergader drie maal per jaar en is 'n geleentheid vir uitvoerende direkteurs van finansies in hoër onderwys om saam te werk, te netwerk en kennis te deel oor aangeleenthede van gemeenskaplike belang.

Die doelstellings van die forum sluit in gesprekvoering oor nasionale finansiële sake en die bevordering van beste finansiële praktyk by Suid-Afrikaanse hoërondewysinstellings.



Die onlangse konferensie van die Uitvoerende Finansiële Forum van Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA) is by die Sports Village in Potchefstroom gehou. Voor van links is mnr Hennie Kruger (Universiteit van Johannesburg), prof Henk Kriek (Universiteit van Johannesburg en forumvoorsitter), mnr Marius Scheepers (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit) en me Marisna Nel (Universiteit van die Vrystaat). Die NWU-verteenwoordigers is agter van links prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, me Elmarie de Beer, Institusionele Bestuurder: Finansies, en mnr Danie Walker, Institusionele Bestuurder: Finansiële Verslagdoening en Stelselbeheer. Heel regs agter is mnr Chris Liebenberg (Universiteit van die Vrystaat).



Die litte was behoorlik los op Loslitdag, 2 September, toe rocksterre oral op die NWU te sien was. Van die beroendes wat daardie dag hul kollegas vermaak het, is van links me Esmé Marks, Mensehulpbronne, Institusionele Kantoor, mnr Bobo van der Westhuizen, Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite, Potchefstroomkampus, mnr Petrus Cloete, Toelatingskantoor, Mafikengkampus, en me Colleen O'Grady, Tegnieiese Dienste, Vaaldriehoekcampus.

Gee jou mening oor Eish!

Ons vertrou dat jy dit geniet om die personeelblad, Eish! te ontvang en dat jy dit nuuswaardig en interessant vind. Om ons nuusblad te evalueer, sal ons dit waardeer indien jy 'n paar minute sal neem om die volgende vrae te beantwoord.

Drie gelukkige respondente van elke besigheidseenheid kan elkeen R250 ontvang.

Op 'n skaal van een tot vyf, met een "glad nie" en vyf "baie", dui asseblief aan hoeveel jy dit geniet om die volgende in Eish! te lees:

Nuus / artikels oor:

Raadsake en -besluite	1	2	3	4	5
Bestuur	1	2	3	4	5
Beleide, prosedures en prosesse	1	2	3	4	5
Prestasies van die NWU	1	2	3	4	5
Prestasies van individue	1	2	3	4	5
Toekenningsereenies, seminare, konferensies	1	2	3	4	5
Artikels met 'n mensgerigte benadering (dus oor mense eerder as kwessies)	1	2	3	4	5
Onderrig-Leer	1	2	3	4	5
Navorsing	1	2	3	4	5
Gemeenskapsverbintenis	1	2	3	4	5
Volhoubaarheid (om "groen" te leef)	1	2	3	4	5
Sentrums/skole/fakulteite/ondersteuningsdepartemente	1	2	3	4	5
Personeelsake (Mensekapitaal)	1	2	3	4	5

Gereelde artikels:

Boodskap van die visekanselier	1	2	3	4	5
Redaksionele boodskap	1	2	3	4	5
Fokus op ... -reeks	1	2	3	4	5
Aanhaling van NWU-kundiges	1	2	3	4	5
Langer artikel oor NWU-persone op die middelblad	1	2	3	4	5
Kampusnuus	1	2	3	4	5
Kompetisie	1	2	3	4	5
Tweede myl-artikel	1	2	3	4	5
Spotprent	1	2	3	4	5
Aanhaling op die agterblad	1	2	3	4	5

Beskou jy Eish! as 'n waardevolle bron van inligting?

Moet ons die kampusnuus-bladsy in Eish! meer maak?

Moet ons meer artikels oor NWU-mense plaas?

Hou jy daarvan om te lees wat verskillende mense oor 'n spesifieke onderwerp dink?

Sal jy verkies jy om Eish! aanlyn (elektronies) te lees, of as gedrukte publikasie?

Ja	Nee
Ja	Nee
Ja	Nee
Ja	Nee
Aanlyn	Gedruk

Waaroor sal jy graag meer wil lees in Eish!? (Skryf jou voorstel hier neer):




Watter veranderinge of verbeteringe sou jy graag in toekomstige uitgawes van Eish! wou sien?

Baie dankie vir jou deelname aan hierdie opname. Vou hierdie bladsy toe sodat ons adres (bussie 260) op die agterkant wys en stuur dit aan ons per interne pos, of faks die bladsy na 086 614 3222. Nog 'n moontlikheid is om die vraelys elektronies te voltooi en aan te stuur. Die vraelys is op die intranet beskikbaar. Klik op Nuus regs bo op die intranet-landingsblad – die vraelys lê onder Gedrukte Nuusblaaie > Eish! Stoor en voltooi dit en stuur dit daarna per e-pos aan nelia.engelbrecht@nwu.ac.za.

Indien jy in aanmerking wil kom vir die prys, voltooi asseblief hieronder:

Naam: Tel nr:

Besigheidseenheid:



Die **NWU** streef na **gebalanseerde uitnemendheid** – dus **voortreflikheid** in **al sy aktiwiteite**.

VOU HIER

Korporatiewe Sake en Verhoudinge
Bussie 260
Institusionele Kantoor
NWU



www.nwu.ac.za

Innovasie deur diversiteit®



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

®